

17 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 107:1-3, 39-43
Fokusgedeelte: Psalm 107:2

Verlos en nie verlore

Psalm 107 teken die oorblyfsel van die verbondsvolk Israel wat op hulle terugreis is vanaf die ballingskap na die beloofde land Kanaän. Die reis word geken aan swaarkry in die dorre woestyn (vs 4-9), herinnering aan die gevangenskap (vs 10-16), siekte (vs 17-22) en plek-plek selfs gevare op see (vs 23-32). Die allesbeheersende verlange in die Psalm is om terug te kom in die land wat die HERE met 'n eed aan hulle beloof het. Jerusalem moet herbou word. Die tempeldiens moet hervat word. God moet gedien en geloof en aanbid word.

Die verlange na die Godstad, Jerusalem, is in die Nuwe Testament nog net so konkreet en aktueel. Ons verlang na Jerusalem daarbo, wat vry is (Gal. 4:26). Die verlange na die nuwe Jerusalem word in die hart gekoester en met die mond uitgespreek. Die verlostes van die HERE moet dit hardop sê dat hulle verlang. Die soeke na hemelse heerlikheid en verheerliking van God mag nie doodgeswyg en doodgeleef word nie.

In Israel het dit kort na die terugkeer uit die ballingskap daadwerklik gebeur dat die herbou van die tempel as gevolg van teenspoed laat vaar is. Die hartseer geskiedenis van Esra en Nehemia vertel die volle verhaal. Die verlostes uit ballingskap het nie meer vurig oor hulle Verlosser en sy verlossingswerk gepraat nie. Gevolglik het hulle ook nie meer daarvoor gewerk nie. Eers het die mond stil geword, toe die hande.

Hoe staan dit met die kerk van Jesus Christus vandag? Met watter passie beywer jy jou vir die koms van God se koninkryk? Die verlostes in Jesus Christus moet kan en wil sê dat God groot en goed is. Hulle dade moet hulle woorde bevestig. Dan word ons almal aktiewe burgers en medewerkers in die koninkryk van God.

Wie wys is, laat hy en sy op hierdie dinge ag gee en laat hulle let op die goedertierenhede van die HERE.

Sing: Psalm 106:1 (1936)

Dr. GJ Meijer (Oos-Moot)